12

HERSIENING

Ek onthou wat ek geleer het

DOEN VOORAF

- Maak fotostate van persone of items soos dit voorkom in Lesse 7 tot 11 van die kind se boek: ’n tronk, boeie, ’n engel, iemand wat iemand anders help, ’n boom, ’n skare mense, die woorde van die verskillende liedjies wat in die lesse gesing is, ’n slingervel, ’n klippie, swaard, doopvont, lidmaatboek, kind wat gedoop word, dissipels, ensovoorts.
- Maak ’n groot plakkaat en skryf die volgende name en woorde daarop: *Saggeus*, *Petrus*, *Dawid en Goliat*, *doop* en *die dissipels* met groot spasies daartussen.

OPENING

Open met gebed.

BEGIN SO

IETS OM TE DOEN

Verduidelik vir die kinders dat hulle in die afgelope vyf lesse telkens van ’n persoon iets geleer het. Elkeen van die persone of gebeure het op hul beurt weer iets vir ons geleer. Plak die plakkaat met die name van die persone teen die muur. Wys dan afwisselend van die prente en items wat jy bymekaargemaak het. Laat die kinders sê wat pas by wat, en plak dit dan by die regte figuur.

Vertel weer kortliks wat in elke verhaal gebeur het en benadruk die volgende:

- Saggeus: Jesus is lief vir elkeen van ons.
- Petrus: God help sy kinders.
- Dawid en Goliat: God help my al is ek klein.
- Doop: Ek weet ek behoort aan die Here.
- Die dissipels: Ons wil ook vir die Here werk.

AFSLUITING

Sluit self af met gebed.